Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 12/2018 **29 Mei 2018**

Geagte Ouers

1. Netbal

Baie dankie aan elke dogter wat hierdie jaar aan netbal deelgeneem het. Baie dankie vir julle harde oefening. 'n Spesiale woord van dank aan Me. Jo-Anne Kirsten, die netbalorganiseerder en al ons netbalafrigters vir julle harde werk. Ons het reeds in die atletiekseisoen begin om netbal te oefen. Julle moes ook baie kere vinnig klaar maak met die revue oefening om betyds by die netbal-oefening te wees en dan moet daar voorbereiding gedoen word en boeke moet gemerk word na al die oefeninge.

Ons glo dat die dogters en hul ouers groot waardering het vir u harde werk.

Baie geluk aan die eerste span wat ligawenners en D2 naaswenners is. Ons is ook baie trots op ons o/10A netbalspan wat liga- en D2 naaswenners is.

2. Eksamen

Ons herinner u net aan die eksamen wat op Donderdag, 7 Junie begin. Neem asseblief kennis dat daar geen buitemuurse aktiwiteite in die middae tydens die eksamen sal plaasvind nie. Daar sal reëlings getref word met die rugbyspelers wat aan die uitspeelwedstryde van die Gauteng Leeus deelneem. Die leerders het reeds hul leerwerk en eksamenrooster ontvang. Die inligting is ook op die "Communicator" beskikbaar.

3. Sluiting van skool

Die skool sal vanaf Donderdag, 7 Junie tot aan die einde van die kwartaal om 13:00 sluit.

4. Redenaarsaand

Baie geluk aan al die leerders wat aan die redenaars deelgeneem het. Ons is baie trots op julle. Baie geluk aan die volgende leerders wat in hulle Graad baie mooi presteer het:

Graad 1 - Suné Rudolph
Graad 2 - Adrian Victor
Graad 3 - Ricco Pretorius
Graad 4 - Zak Pieterse
Graad 5 - Inge Grobler
Graad 6 - Liané Nel
Graad 7 - Danielle le Roux

admin@dagbreek.co.za

5. Rugby

Baie geluk aan al die rugbyspanne van o/6 tot o/13 vir hulle harde werk die seisoen. Van die spanne het Dinsdag klaar gemaak met hulle liga en die o/6, o/7 en o/8 spanne se seisoen het ook Saterdag geëindig. Ons hou styf duim vas dat van ons spanne in die Gauteng Leeus se uitspele betrokke gaan wees.

Baie dankie aan Mnr. Frik van Deventer en al ons afrigters vir julle harde werk die seisoen. Daar is baie tyd ingesit in die afrigting. Dit is ook moeilik vir die seuns en afrigters om baie laat by die skool te kom met die bus na 'n ligawedstryd. Al die ander verpligtinge wag dan vir hulle.

Ons glo dat die ouers al die harde werk waardeer en raakgesien het.

6. Klere

Ouers, ons rig weer 'n versoek aan u om asseblief u kind se klere duidelik te merk. Baie klere raak verlore omdat dit nie gemerk word nie. Ons versoek u ook om asseblief nie sonder toestemming tussen die verlore klere te gaan soek en klere te neem wat nie aan u kind behoort nie.

7. Dissipline

Dissipline bly vir ons 'n probleem. Dit is belangrik dat u kind die skoolreëls sal ken en nakom. Help ons asseblief om vir u kind die nodige respek vir ander en hulself aan te leer.

8. Kersfees in die winter

Daar is baie van ons leerders wat finansieël baie swaar kry. Die leerders het 'n groot behoefte aan warm wintersklere (nuut of tweedehands), wintersklere vir die skool sowel as nie-bederfbare kos. Ouers as u, u weg oopsien om ons asseblief te ondersteun in die projek, sal ons dit hoog op prys stel. Die projek sal tot aan die einde van die kwartaal hardloop.

As beloning vir mooi bydraes, sal die leerders twee dae gewone klere mag aantrek om dankie te sê.

Vriendelike groete

P.W. van Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof